

DIE REPTIELE VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

DEEL V

J.H. van Wyk

DIE AKKEDISSE (SUB-ORDE SAURIA)


Hierdie is die tweede laaste in die reeks oor die Vrystaatse akkedisse. Die familie wat ons van naderby sal beskou, is die familie Lacertidae:

V. FAMILIE LACERTIDAE

Hierdie akkedisse is klein, baie beweeglik en word gekenmerk deur 'n lang stert en lang tone. Hulle kom voor in Europa, Asië en veral Afrika (uitgesonderd Madagaskar). Van die 7 groepe (genera) en 35 soorte (spesies) wat ons in Suid-Afrika aantref, vind ons 3 genera en 7 spesies in die Vrystaat.




FAMILIE LACERTIDAE SLEUTEL TOT GENERA




1
SLEUTEL TOT SPESIES
GENUS *NUCRAS*

Onderkant is gewoonlik wit.




Onderkant vertoon swart kolle.




N. lalandii

Ligte lengteverlopende strepe op rugkant.



N. taeniolata



Donkeromlynde wit kolle op rugkant.



N. intertexta

NUCRAS LALANDII
(Milne-Edwards, 1829)

Delalande se gevlekte akkedis



S.A.-verspreiding: Oos-Kaap, Suid-Oos en Noord-Oos Vrystaat, Lesotho, Natal en Transvaal.

Kleur: Lig tot donkerbruin op die rugkant met of sonder wit spikkels. Swart ringe wat in die dwarste verleng is, is ook sigbaar. Die maagkant vertoon groot aantal swart kolle.



Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 249 mm. Grootste wyfie in die O.V.S. = 312 mm.

Habitat: Bly in gate onder klippe.

Voedsel: Meestal kewers, spinnekoppe en ook skerpioene.

Voortplanting: Agt tot nege eiers word in die somermaande gelê.

NUCRAS INTERTEXTA
(A. Smith, 1838)
Gevlekte Sandveldakkedis



S.A.-verspreiding: Noord-Transvaal, Westelike O.V.S., Noord-Kaap, Botswana en S.W.A.

Kleur: Lig-bruin tot rooibruin met lengteverlopende gerangskikte donker omlynde wit kolle op rugkant. Wit strepe langs die kant van die kop, nek en sye is sigbaar. Die onderkant vertoon wit.




Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 236 mm. Grootste wyfie in die O.V.S. = 262 mm.

Habitat: Bly in gate onder bosse en klippe.

Voedsel: Kewers, ander insekte en honderdpote.

Voortplanting: Vier eiers word in die somermaande gelê.

NUCRAS TAENIOLATA ORNATA
(Gray, 1964)
Gestreepte sandveldakkedis



S.A.-verspreiding: Transvaal, Natal, Westelike O.V.S., Noord-Kaap, Oos-Botswana en Noordelike S.W.A.

Kleur: Rugkant vertoon grys, grysbruin, rooibruin tot swart, met drie duidelike ligte lengteverlopende strepe. Die middellyn is gewoonlik die breedste. Wit kolle is sigbaar langs kante van liggaam. Die stert is gewoonlik rooibruin en die maagkant bleekwit.

Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 155 mm. Grootste wyfie in die O.V.S. = 168 mm.


Habitat: Habitat wissel van oop grasveld, of klipperige vlaktes tot sand en bossieveld. Hulle bly in gate onder klippe of bossies.

Voedsel: Kewers en termiete.

Voortplanting: Vyf eiers word in die somermaande gelê.


GENUS *EREMIAS*
SLEUTEL TOT SPESIES

Gewoonlik duidelike strepe oor rugkant. 'n Vergrote skub aan die voorkant van oor altyd sigbaar.




E. namaquensis

Gewoonlik vertoon rugkant kolle maar jonges mag strepe op rugkant hê. Nooit 'n vergrote skub aan die voorkant van oor nie.



Onderste ooglid deurskynend met twee dele.





E. lineocellata

Onderste ooglid enkel en ondeurskynend.



E. burchelli

EREMIAS NAMAQUENSIS
Dumeril & Bibron, 1839
Namakwalandse sandakkedis



S.A.-verspreiding: S.W.A., Westelike O.V.S. en Noordelike en Oostelike Kaapprovinsie.

Kleur: Rugkant vertoon grys tot grysbrown met 'n aantal ligte lengteverlopende lyne gewoonlik sigbaar. Die middellyn verdeel in die nekarea. 'n Ligte lyn loop ook van die oor tot in die lies langs weerskante van die liggaam. In uitsonderlike gevalle kan al die lyne afwesig wees. Bo-op die agterbene is daar gewoonlik wit kolle en in mannetjies is die agterkante oranjekeurig. Die maagkant is gewoonlik wit.



Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 196 mm. Grootste wyfie in die O.V.S. = 158 mm.

Habitat: Oop vlaktes met min plantegroei waar hulle in gate bly.

Voedsel: Spinnekoppe, insekte insluitende oorkruipers.

Voortplanting: Drie eiers word in die somermaande gelê.

EREMIAS LINEOCELLATA LINEOCELLATA
Dumeril & Bibron, 1839
Kollerige sandakkedis



S.A.-verspreiding: S.W.A., Wes-Kaap, Karoo, Oos-Kaap, O.V.S., Transvaal en Sentraal Natal.

Kleur: Rugkant is ligbruin tot oranjebruin. Aan die sykante is daar 'n wit lyn of reeks kolle vanaf die oor tot by die lies. Op die kante van die rug is daar 'n soortgelyke lyn of reeks kolle. Op die rug is daar ook swart omlynde groen kolle. Die onderkant van die stert, agterbene, kante van die liggaam en die rug is soms oranje. Maagkant is gewoonlik wit.



Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 180 mm. Grootste wyfie in die O.V.S. = 171 mm.

Habitat: Sanderige vlaktes met klippe en min plantegroei.

Voedsel: Klein kewers en termiete.

Voortplanting: Vier tot agt eiers word in die somermaande gelê.

EREMIAS BURCHELLI
Dumeril & Bibron, 1839
Burchell se sandakkedis



S.A.-verspreiding: Suidwes, Oos en Noordoos Kaapprovinsie, Noord en Suidoos Vrystaat en Lesotho

Kleur: Rugkant is bruin tot liggrys met onreelmatige swart vlekke. Wit strepe op die rug verdwyn na die stertkant toe en slegs wit kolle is sigbaar. Bokante van bene vertoon wit kolle. Die onderkant van die stert, en die agterbene vertoon soms oranje-pienk. Die maagkant is wit.



Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 182 mm. Grootste wyfie in die O.V.S. = 174 mm.

Habitat: Kom gewoonlik voor in bergagtige dele op plato's met min plantegroei en los rotse.

Voedsel: Kewers en insektelarwes.

Voortplanting: Twee tot ses eiers word in Desember gelê.

GENUS *ICHNOTROPIS*
ICHNOTROPIS SQUAMULOSA
Peters, 1854



S.A.-verspreiding: Zululand, Transvaal, Noordwes Vrystaat.

Kleur: Rugkant is blougrys met twee rye wit kolle. Wit kolle is ook sigbaar aan die sykante tussen die oor en die lies. Die onderkant is wit met grys kolletjies.

Grootte: Grootste mannetjie in die O.V.S. = 197 mm. Grootste wyfie in die O.V.S. = onbekend.

Habitat: Kom voor in sanderige dele.

Voedsel: Meestal kewers, termiete en sprinkane.

Voortplanting: Dit is bekend dat hulle eiers gedurende November uitbroei. Die akkedis neem ses maande om geslagsryp te raak waarna dit broei en dan sterf.



BIBLIOGRAFIE

- BRANCH, W.R. 1981. An annotated checklist of the lizards of the Cape Province, South Africa. *Ann. Cape Prov. Mus. (Nat. Hist.)* 13: 141-167.
- DE WAAL, S.W.P. 1978. The Squamata (Reptilia) of the Orange Free State, South Africa. *Mem. nas. Mus., Bloemfontein* 11: 1-160.

- FITZSIMONS, V.F.M. 1943. The lizards of South Africa. *Trans. Mus. Mem.* 1: 1-528.
- GOIN, J.C., GOIN, O.B. & ZUG, G.R. 1978. *Introduction to Herpetology*. San Francisco: W.H. Freeman and Company.
- PIENAAR, U. de V., HAACKE, W.D. & JACOBSON, N.H.G. 1983. *The Reptiles of the Kruger National Park*. National Parks Board of South Africa.